SPESIALE BOODSKAP

NUWE EREDIENS REëLINGS

Goeie nuus!! Ons kan nou 250 mense per erediens akkommodeer en daarom wil ons graag die volgende inligting deurgee vir kennisname. Lees dit asseblief noukeurig deur aangesien elke Sondag se inligting verskil.

Sondag 27 September

Slegs erediens in kerkgebou (maksimum 250 persone)

1. Skakel die kerkkantoor (013 744-1925 Ma-Vr 07:30-12:30) en maak 'n bespreking vir die 08:30 erediens.
2. Sodra die besprekings by 250 kom, sal ons 'n tweede diens om 10:00 instel.
3. Volledige Covid 19 protokol moet deur kerke gevolg word
    a. Maskers is verpligtend
    b. Temperatuur sal gemeet word
    c. Jou teenwoordigheid moet geverifieer word
    d. By elke deur sal hand reinigers beskikbaar wees
4. Ongelukkig mag ons steeds nie na die tyd ons gebruiklike koffie en tee drink nie.

Vanaf Sondag 4 Oktober

- ***Erediens in kerkgebou***
- ***Jeugkerk (Gr 7-11) begin weer***

1. Maak steeds jou bespreking by die kerkkantoor vir die 08:30 diens.
2. Jy kan nou bespreek vir:
    a. Gewone erediens om 08:30
    b. Jeugkerk (Gr 7-11*). Noem net as jy 'n bespreking maak dat jy vir jou kind ook bespreek.*
3. Die jeugkerk sal plaasvind vanaf 08:30-09:30. Dit loop dus saam met die normale erediens en hou nie aan tot 10:00 nie, aangesien daar steeds nie na die tyd tee en koffie gedink mag word nie.
4. Volledige Covid 19 protokol word gevolg.
5. Senior jeug beweeg direk na Koinonia sentrum.

Vanaf Sondag 11 Oktober tot verdere kennisgewing vanaf regering

- ***Erediens***
- ***Jeugkerk (Gr 7-11)***
- ***Kinderkerk (Gr 1-6) begin weer***
- ***Kleuterkerk begin weer***

1. Maak steeds jou bespreking by die kerkkantoor
2. Jy kan nou bespreek vir:
    a. Gewone erediens
    b. Senior jeug (Gr 7-11)
    c. Junior Jeug (Gr 1-6)
    d. Kinderkerk
3. Ouers beweeg direk in die kerk
4. Senior jeug beweeg dadelik na Koinonia sentrum
5. Junior jeug beweeg dadelik Saal toe
6. Kleuters word afgegee by die Lapa
7. Ouers en kinders sal tegelyk klaar maak aangesien daar nog geen tee en koffie bedien mag word nie.
8. Volledige Covid 19 protokol sal by al die ontmoetingslokale gevolg word

Vir enige verder navrae skakel gerus:

1. Kerkkantoor 0137441925
2. Dr. Jean Strydom 083 572 4886
3. Ds. Louis Pienaar 082 878 1743
4. Ds. Gerrit Vosloo 071 859 5175

Groete

Leraars